Tableview gemeente

"Waar elkeen iemand is"
"Where everybody is somebody"

# Jeug Youth

# 1ste Kwartaal 1st Term

Voorskool
2017, 2016 &2015



Erani, Sonette, Therine &Bernice

Gr Pre R & R
2014 &2013



Chantel & Ronel

Gr 1 & 2
2012 & 2011



Estelle en Elana

Gr 3& 4
2010 &2009




Lizelle

Gr 5 & 6
2008 & 2007



Brenda

Tieners
2006 ⟶ 2002




Jeanen

# Program: Jeug/Youth

**13 Jan – Klas /Class (9:15 – 10:00)**
**Inskrywings in klasse / Enrolment in Classes (10:00 – 10:15)**
**Tieners met ouers / Teenz and their parents (10:15 – 11:00)**

**20 Jan – Belydenisaflegging / Confirmation (9:00)**
**Almal bring asseblief bordjie eetgoed saam vir**
**Gemeentekuier 10:00**
**Can everyone please bring a plate of snacks for the Celebration @ 10:00**

1 Feb – Movie & Munch
(Movie vir volwassenes in Kerk en kinders
in hulle lokaal / Adults in Church and Children in their hall)
Tieners verf hulle klas / Teenz will paint their class

23 Feb – Pret stap / Funwalk
8 – 10 Maart Kinderkamp / Children Campout

Tableview gemeente

Hier is geen perfekte mense in ons gemeente nie. Ons sal jou nie oordeel nie, nie op jou gevoel speel en jou manipuleer nie. Jy kan net jouself wees!

***"Waar elkeen iemand is"***

***"Where everyone is somebody"***

**EREDIENS (09:00)**

**TEMA: Companion God**

**TEKS: Jesaja 43: 1-7**

**Kinders en tiener bedienings begin weer Sondag**

**Goeie dag en voorspoed en seën vir die nuwe jaar. Ek hoop regtig dat die jaar vir jou goed en lewegewend sal wees.**

**Wat die gemeente betref gaan ons hierdie jaar met 'n opwindende reis begin. Ons gaan fokus op Jesus-ritmes en alles in die gemeente gaan daarvolgens ingerig word. Op hierdie reis word elkeen van ons uitgenooi en geroep om deel te word van die avonture van die lewegewende God. Ons gaan daarmee afskop op Sondag 3 Februarie. Meer inligting sal oor die volgende paar weke bekend gemaak word.**

**Kliek hier vir meer inligting oor gemeente werksaamhede: www.ngkerktableview.co.za**

———————————————————————————-

**GEBEURE IN DIE WEEK**

**Visiespan (Dagbestuur): Dinsdag @ 19:00**

**Leiersete: Vrydag @ 19:00**

**Belydenisaflegging: volgende Sondag tydens erediens**

**Gemeenskapsete: Maandae @ 18:30**

**AA: Maandae @19:30**

**Dames Bybelstudie: Dinsdae @ 10:00**

**TEKSTE OM DIE WEEK TE LEES**

**MA -DI: PSALM 29**

**WO – DO: HANDELINGE 8: 14-17**

**VRY – SAT: LUKAS 3:15-17, 21-22**

## KLEINGROEPLEIERS

Marina van Vuuren – 0833830893 – Dames Bybelstudie - Dinsdae om 10:00

Ria en Johan Combrink – 0845832821 – Vue du Cap – Donderdae om 10:00

Jalize en Johannes – 0825654520 – Woensdae om 19;00

Geo de Kock – 0837324117 – Woensdae om 19:00

Johan Botha – 0827900952 – Woensdae om 18:30

Niel Steyn – 0846881080 – Woensdae om 19:00

As jy deel van n groep wil word - Kontak Ds Johannes 0823913841

**GEMEENTE SELFOON APP**

**Wil jy ons preke en ander inligting op jou selfoon ontvang? Laai ons gemeente se APP op jou foon af!**

**Gaan na Google play store vir Android foon of I-store vir 'n I-Phone en laai die Churchlink APP gratis af. Tik NG Kerk Tableview wanneer jy gevra word vir die gemeente se naam.**

**GEBEDSVERSOEKE**

As jy n gebedsversoek het:

- Email - Ds Johannes johannes@ngkerktableview.co.za
- Boks in voorportaal

***NUWE***

***BANK BESONDERHEDE***

**NGK TABLEVIEW**

**FNB - Tableview - 250655**

**62786586639**

Snap here to pay

SnapScan

**NB: By jou verwysing—sit asb duidelik daarop vir watter bediening jy dit inbetaal bv: Piet - jeug kamp**

**Ons werk nou met een rekening - maar die inbetalings wys nog steeds apart op Inkomste en Uitgawe staat.**

**SNAPSCAN -** Laai app af op jou foon by www.getsnapscan.com (bly die-selfde)

**FEBA Malawi**

**So 13 – WEEKLIKSE OPSOMMING:** Die produksiespan by 'Way of life' Radio van FEBA Malawi, besoek gereeld luisteraarklubs in verskillende dorpe. Alhoewel meeste luisterkublede Moslems en nuwe bekeerlinge is hulle steeds gewillig om na die Woord van God te luister. Opvolgbediening sluit die verspreiding van radio's en oudio-Bybels in, asook gebed en dissipelskap. Maandeliks word daar gemiddeld tussen 30 en 60 mense gedoop. Sluit by ons aan in hier- die week wanneer ons vir FEBA Malawi se span en luisteraars bid.

**Ma 14 –** 'n Luisteraar van Kachenga sê: "Ek luister daagliks na FEBA se uitsendings. Ek voel dikwels depressief as gevolg van gesondheidsprobleme, maar elke program gee my gemoedsrus." Bid dat die Here hom sal genees.

**Di 15 –** "Sonder 'n radio sou ek nooit deel van 'n kerk gewees het nie." Terugvoer vanaf 'n luisteraar nadat sy Jesus as haar Verlosser aanvaar het. Bid asb. vir die voorsiening van radio's sodat meer mense toegang tot die evangelie sal hê.

**Wo 16 –** Bid asb. dat die Here die verhouding tussen FEBA Malawi se span en hul luisteraars sal versterk. Dit is deur hierdie sterk band, in samewerking met die uitsendings, dat so baie mense tot bekering kom.

**Do 17 –** Bid dat elke individu in die luisteraarsklubs in hul geloof en kennis van Jesus Christus sal groei. Mag hulle verandering in die gemeenskap voortbring en die mense se lewens rondom hulle beïnvloed.

**Vr 18 –** Bid vir die veiligheid van FEBA Malawi se span wat deur landelike en ruwe gebiede moet reis om luister-aars te besoek. Hulle gebruik publieke vervoer wat nie altyd betroubaar is nie.

**Sa 19 –** Loof die Here vir sy getrouheid. Hy maak FEBA se bediening in Malawi uiters vrugbaar onder die Yao-Moslems, wat met opgewondenheid die evangelie aanvaar.

## West Riding Nasorg

Ons is opsoek na nog vrywilligers om te help by ons nasorg by West Riding.

Ons probeer die Graad 1 en 2 leerders besig hou op Maandae en Donderdae vanaf 13:25 tot 14:30.

Kontak vir Niel vir meer inligting by niel@echoyout.co.za of 0846881080.

## KOSPROJEK

**Raak betrokke by ons kosprojekte**

Maak 'n leë kosbakkie vol en bring kerk toe of bring die volgende bestandele vir 'n kospakkie:

1 Kg wit suiker; 1 Kg wit rys; 500gr macaroni; 500gr spaghetti; 400gr pilchards in ta-matiesous; baked beans

---

**Gemeenteraad**

Ons is opsoek na iemand om as verteenwoordiger van die Help-jou-naaste bediening op die gemeenteraad te dien.

Die persoon moet terugvoer gee aan die gemeenteraad oor die verskillende uitreik be-dieninge van die gemeente. Kontak vir Niel (0846881080) indien jy sou belangstel